# Welkom by NG The Reeds

**'n Veilige hawe vir nuwe hoop**

Droom oor 'n wêreld wat anders lyk

Moenie op magtiges vertrou nie,
nie op ‘n mens nie;
Hulle asem verlaat hulle en
hulle word maar ook net grond
en dan is al hulle planne daarmee heen.

Dit gaan goed met die mens wat sy hulp  van God ontvang,
Die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God.

Hierdie Here het hemel en aarde gemaak,
die see en alles daarin.
Hy bly vir altyd getrou
Ps. 146:3-6



# Lied 454: 1

Vader, ons eer U,

ons loof U, ons aanbid U.

U wat heel die skepping onderhou,

U gee son en reën, ons ontvang u seën.

Heel die skepping wentel om u trou.

## L 454:2

Jesus, ons eer U,

ons loof U, ons aanbid U.

Ons is u gemeente hier tesaam.

Hoor ons as ons sing,

U ons loflied bring.

Ons, u vrygekooptes, prys u Naam.

## L 454:3

Trooster, ons eer U,

ons loof U, ons aanbid U.

Heil'ge Gees, ons is met U gedoop.

U wat rig en lei,

staan ons altyd by.

U versterk ons gees, U gee ons hoop.




# 1 Konings 17






Droom oor ’n wêreld wat anders lyk


GOD'S
NOT
DEAD



# Profete is oortuig dat God lewe en steeds handelend is


Profete vir die tyd waarin ons leef

# 1 Konings 17



1. Elia die Tisbiet was ’n bywoner uit Gilead. Hy het vir Agab gesê: “So seker as die Here leef, die God van Israel in wie se diens ek staan, daar sal die volgende paar jaar *geen dou of reën val nie*, behalwe as ek so sê.” 2. Die woord van die Here het tot Elia gekom en gesê: 3. “Gaan hiervandaan af ooswaarts en gaan versteek jou in Kritspruit, anderkant die Jordaan. 4. Jy kan water uit die spruit drink, en Ek het die kraaie beveel om daar vir jou te **sorg**.” 5. Hy het gedoen soos die Here aan hom opgedra het. Hy het daar in Kritspruit gaan bly, anderkant die Jordaan. 6. Die kraaie het vir hom soggens brood en vleis gebring en hulle het vir hom saans brood en vleis gebring, en hy het water uit die spruit gedrink. 7. Uiteindelik het die spruit opgedroog omdat *die land nie reën gekry* het nie.

8. Toe het die woord van die Here weer tot Elia gekom en gesê: 9. "Gaan na Sarfat toe by Sidon en gaan bly daar. Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee om vir jou te **sorg**." 10. Hy gaan toe na Sarfat toe, en toe hy by die poort van die stad kom, was daar 'n weduwee net besig om houtjies op te tel. Hy vra haar toe: "Gee my asseblief 'n bekertjie water om te drink." 11. Terwyl sy dit gaan haal, roep hy agter haar aan: "Bring vir my asseblief 'n stukkie brood saam." 12. Toe sê sy: "So seker as die Here u God leef, ek het nie meer brood nie, net 'n handvol meel in die kruik en 'n bietjie olie in die erdekan. Ek maak nou maar 'n paar houtjies bymekaar en dan gaan ek vir my en my seuntjie iets klaarmaak om te eet. Daarna moet ons maar doodgaan."

13. Elia sê toe vir haar: "Moenie bekommerd wees nie. Gaan maak dit klaar net soos jy gesê het, maar maak eers vir my 'n roosterkoek en bring dit hier, daarna kan jy vir jou en jou seuntjie sorg. 14. So sê die Here die God van Israel: Die meel in die kruik sal nie opraak nie, en die olie in die kan sal nie minder word nie, totdat die Here dit laat reën het op die land." 15. Sy gaan maak toe soos Elia gevra het. **Van toe af het hulle genoeg gehad om te eet, hy en sy en haar gesin**. 16. **Die meel in die kruik het nie opgeraak nie, en die olie in die kan het nie minder geword nie,** soos die Here deur Elia beloof het. 17. In dié tyd het die vrou, die eienares van die huis, se seuntjie siek geword. Hy het al hoe sieker geword totdat hy die laaste asem uitgeblaas het. 18. Toe sê sy vir Elia: "Kyk wat het u my aangedoen, man van God! Het u na my toe gekom om my sonde aan die lig te bring en my seuntjie daarom te laat doodgaan?"

19. Hy sê vir haar: "Gee jou kind hier," en hy tel hom van haar skoot af op. Toe dra hy hom na die bo-kamer toe waar hy tuis gegaan het en lê hom op die bed neer 20. en bid tot die Here: "Here my God, wil U nou oor hierdie weduwee by wie ek bly, 'n ramp bring deur haar kind te laat sterf?" 21. Toe gaan lê hy drie maal bo-oor die kind en smeek die Here: "Here my God, laat die lewe tog terugkom in die kind." 22. Die Here het Elia se gebed verhoor: die lewe het teruggekom, die kind het gelewe. 23. Toe bring Elia die kind van die bo-kamer af ondertoe en gee hom vir sy ma en sê: "Kyk! Jou seuntjie leef!" 24. Die vrou sê toe vir Elia: "Nou weet ek dat u 'n man van God is, en dat wat die Here deur u sê, die waarheid is."





In ons teks ontmoet ons iemand wat so iets doen

# Agtergrond



# Ons leef nie meer in só tyd nie…



Tog het ons sulke belewenisse


God gebruik
gewone mense
wanneer
moeilikheid
oorneem


God gebruik gewone mense
Kondig droogte aan met 'n eed

# God gebruik gewone mense



**Kritspruit – God lewe, beheer die natuur – neem Hom op sy woord**

# Ontmoet God op vreemde plekke deur vreemde mense

Sarfat



# Ontmoet God op vreemde plekke deur vreemde mense

## Weduwee



- God verras ons met mense op ons pad
- God werk waar mense in hoek is
- God bring hoop waar dood op die voorstoep staan



Wat is God se reaksie?

Elia se verleentheid en gebed



Die menslikheid wanneer teenspoed tref

Agab in diens van selfsug en dood



**Die menslikheid wanneer teenspoed tref**

Elia in diens van die Here wat meeleef en deel



**Die menslikheid wanneer teenspoed tref**

God neem
ons nie kwalik,
maar Hy los
ons nie



**Die menslikheid
wanneer
teenspoed
tref
Vandag?**


Die Here bring hoop waar die dood
op die voorstoep staan
Droom oor ’n wêreld wat anders lyk



# Lied 501: 1

Ek het toe wilde storms gewoed het,

diep onder,

vaste rots gevind.

Die woord wat my van ramp behoed het:

## L 501:1 (vervolg)

**God is my Vader; ek sy kind.**

**My anker is dáár vasgemaak**

**- ek glo! -**

**niks sal dit los laat raak.**

# L 501:2

Dié vastigheid het die Getroue,
my Heiland, met sy dood gelê.
Ek is Gods kind en in vertroue
kan ek dit glo; sal ek dit sê.
Al kom daar onweerswolke aan,
die woord is vas:
Die rots bly staan.

**Ds.:** Gaan hiervandaan met vreugde. Dans, lag, sing en skep.

**Gemeente:** Ons gaan met die versekering van die Here se seën.

Ds.: Gaan hiervandaan met die vertroue om te waag en lief te hê.

**Gemeente:** Ons gaan – verseker van die Here se seën.

**Ds.:** Gaan hiervandaan met die geloof om te glo, te hoop, te stry en te onthou.

**Gemeente:** Ons gaan met die versekering van God se liefde. Alle dank kom God toe.


Die Here bring hoop waar die dood
op die voorstoep staan
Droom oor ’n wêreld wat anders lyk